

DIE HISTORIESE KOMPAS



Nommer 2

Julie 2013

Geagte Leser,

Hierdie is die tweede uitgawe van *Die Historiese Kompas*. Dit bestaan slegs uit een artikel wat handel oor die moontlike veiligheidsrisiko's vir ons volk, sou Nelson Mandela te sterwe kom. Dit word beskou teen die agtergrond van die geskiedenis van swart-op-wit geweld en wel onder die volgende temas:

- Die historiese feite oor swart-op-wit geweld in Suid-Afrika.
- Die moontlikheid van die uitbreek van grootskaalse swart-op-wit geweld in die kontemporêre samelewingskonteks in Suid-Afrika.
- Die moontlikheid dat die dood van Mandela die sneller vir sodanige geweld sal wees.
- Die noodsaaklikheid van voorbereiding daarvoor.
- Volkome staatkundige vryheid vir die Afrikanervolk as 'n langtermyn, blywende antwoord op ons huidige voortbestaanskrisis.

Indien u om een of ander rede nie die publikasie wil ontvang nie, kan u slegs uitteken of vir ons so laat weet en ons sal versending daarvan aan u staak. Indien u uself egter met die inhoud daarvan vereenselwig, wil ons u versoek om dit so wyd moontlik te versprei.

Frikkie Strauss

REDAKTEUR

Aantekening: Ons gebruik die term Afrikanervolk in hierdie publikasie. Sommige volksgenote verkies die term Boerevolk. Ons het geen beswaar daarteen nie. Vir ons is daar net een wit volk in Afrika en hierdie publikasie is gerig aan die adres van almal wat hulleself as lede van hierdie volk beskou. Die publikasie neem ook die belange van die Afrikaner/Boerevolk as vertrekpunt vir sy redaksionele beleid. *Die Historiese Kompas* moedig nie sy lesers aan om by enige gewelddadige of ondergrondse aktiwiteite ter bevordering van Afrikanerbelange betrokke te raak nie.



DIE GEWELDSFAKTOR IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

Die kritieke siektetoestand waarin Nelson Mandela tans verkeer, gee aanleiding tot allerlei bespiegeling oor wat moontlik na sy dood kan gebeur. Daar is onder andere gerugte van vrese dat daar groot getalle blankes in een nag deur swartes met pangas uitgemoor gaan word, die sogenaamde “nag van die lang messe”. Tot nou toe is dit deur politieke kommentators in die media as onsinnig verwerp. Baie Afrikaners op grondvlak is egter nie oortuig daarvan dat dit wel so onsinnig is nie. Hulle voer baie redes aan waarom dit wel kan plaasvind en voel selfs dat die nodige voorbereidings daarvoor getref moet word.

As 'n mens bloot kyk na die huidige omstandighede rondom die dreigende dood van Mandela is daar seker rede om te wonder of daar wel gronde vir sodanige vrese is. As hy sterf, sal niemand seker kan aanvoer dat 'n blanke die oorsaak daarvan kan wees nie; trouens, volgens mediaberigte staan van die beste (blanke) medici dag-en-nag rondom sy hospitaalbed, hy word aan die lewe gehou deur toerusting wat deur blanke ingenieurs ontwerp is en wel in 'n hospitaal wat deur blanke sakelui gebou is. As oud-president word daar waarskynlik vir sy behandeling betaal met geld wat hoofsaaklik uit blanke belastingbetalers se sakke kom. Teen hierdie agtergrond sou mens eintlik oorweldigende toegeneentheid deur swartes teenoor blankes verwag vir dit wat blankes aan hulle geliefde oud-leier doen. Voeg daarby die gevoel van saambinding, versoening en vrede wat tans rondom die siektetoestand van Mandela heers en dit raak omtrent ondenkbaar dat 'n gewelddadige aanslag van een rassegroep op 'n ander die gevolg daarvan kan wees.

BOERE VERTROU NIE DIE VREDE NIE

Tog is daar by baie Afrikaners 'n diepe onrus en 'n instinktiewe aanvoeling vir gevaar. Die Boere vertrou nie die vrede nie. Wat kan die rede hiervoor wees? 'n Ontleding van die historiese feite rondom die kontak tussen swart en wit in Suid-Afrika kan moontlik die antwoord gee. Die ontleding sal gedoen word binne die raamwerk van die doelstelling van *Die Historiese Kompas*, naamlik om die waarhede van die geskiedenis vir die huidige geslag Afrikaners te ontsluit, met die oog op die skepping van 'n toekoms vir ons nageslag. Die saak word ook nie net teen die agtergrond van die huidige toestand van Mandela beskou word nie. Dit word primêr teen die agtergrond van die huidige algemene veiligheidstoestand in die land beskou. Ongeag of Mandela binnekort gaan sterf of nog vir 'n korter of langer tydperk gaan lewe, het 'n deeglike risiko-analise uiters noodsaaklik geword.

'N SPOOR VAN GEWELD DEUR ONS GESKIEDENIS

Die eerste kontak tussen swart en wit in Suid-Afrika het in die laat agtiende eeu aan die destydse Kaapse Oosgrens plaasgevind tussen die Ooswaarts-trekkende blanke koloniste en die Suidwaarts-trekkende Xhosa-stamme. Sonder dat die koloniste die Xhosas se grond of beeste gevat het of hulle enige leed aangedoen het, het hulle begin om die koloniste op die plase te vermoor, hulle vrouers te verkrag, hulle huise af te brand en hulle vee te steel. Nege grensoorloë was die uitvloeisel hiervan.

Toe die Voortrekkers die Vrystaat binnegetrek het, is hulle deur Silkaats se Matabeles aangeval en vermoor. Die bekende slag van Vegkop, waar ±33 Voortrekkers die aanslag van ongeveer 6 000 impi's van Silkaats afgeslaan het, het daaruit voortgevloei.

Die verraderlike moord op die Retief-geselskap en die nagtelike aanval deur die Zoeloe-impies op die niksvermoedende Voortrekkerlaers in Natal waarin ±200 Voortrekkers gesterf het, is bekende historiese feite. Die slag van Bloedrivier was die noodwendige gevolg daarvan.

TOTALE UITWISSING DIE DOELWIT

Al hierdie aanvalle deur swartes op blankes het een groot gemeenskaplike doelwit gehad: Die totale fisiese uitwissing van die hele blanke gemeenskap. As enigiets soortgelyks in ons tyd sou plaasgevind het, sou dit beslis as volksmoord bestempel gewees het. Dan was daar nog die Basoeto-aanvalle op Oos-Vrystaatse boere, moorde en diefstalle teen boere in die ZAR wat tot laat in die negentiende eeu voortgeduur het en wat verskeie strafekspedisies genoodsaak het. Ook tydens die Tweede Vryheidsoorlog het swartes wat aan Britse kant geveg het, dade van geweld teen die Boere gepleeg, in besonder teen weerlose vroue en kinders wat op die plase agtergebly het en ook in die konsentrasiekampe byeengebring is.

OPERASIE MAYIBUYE

Sedert Uniewording, toe staatsgesag in Suid-Afrika stewig gevestig was, wet en orde gehandhaaf en moorde met die dood strafbaar was, het swart-op-wit geweld drasties afgeneem. Onder kommunistiese aanstigting is daar egter in die sestigerjare 'n revolusie beplan, wat as dit sou slaag, tot die dood van honderde duisende blankes sou lei. Danksy die kragtige optrede van die destydse regering onder leiding van Dr HF Verwoerd is dit onderdruk. Die sentrale figuur in dié beplande revolusie was Nelson Mandela en daarvoor is hy en sy handlangers na die Rivonia-verhore lewenslank tronk toe gestuur terwyl hulle eintlik gehang moes gewees het omdat hulle hoogverraad gepleeg het. In sy boek *Die Mandela Legende* gee die historikus Dr Pieter Möller die volgende opsomming van die omvang van die beoogde revolusie, soos dit voor en tydens die Rivonia-verhore ontbloeit is: *“Met die klopjagte het die polisie 'n groot aantal inkriminerende dokumente gevind, waaronder die belangrikste een waarin Operasie Mayibuye (wat beteken ‘kom terug’), die meesterplan vir die omverwerping van die Suid-Afrikaanse regering, in die fynste besonderhede uitgespel was. Dit het ook dagboeke van Mandela bevat, wat in die dokumente as die hoofsamesweerder onthul is. Daarin kom onder meer gegewens oor sy ondermynende bedrywighede voor, sy betrokkenheid by sabotasie, sy besoeke en samesprekings enersyds met Afrikaleiers en andersyds sy bywoning van die beraad van die Organisasie van Afrika-eenheid in Addis Abeba en sy toespraak aldáár met die oog daarop om die Afrikastate sover te kry om by die stryd teen die Blanke bewind in Suid-Afrika betrokke te raak. Verder is ook 'n groot hoeveelheid toerusting van allerlei aard gekry wat gebruik sou word om Operasie Mayibuye van stapel te stuur.*

Die beskuldigdes het eers op 9 Oktober 1963 en daarna weer op 29 Oktober en 25 November in die hof verskyn, maar allerlei tegniese probleme het veroorsaak dat die saak telkens uitgestel is. Gevolglik het die saak in werklikheid eers op 3 Desember 1963 in alle erns begin. Die aangeklaagdes was Mandela, Sisulu, Goldberg, Mbeki, Bernstein, Hepple, Mhlaba, Kantor, Elias Motsoaledi en Andrew Mlangeni. Om sy bas te red het Hepple staatsgetuie geword, maar voor die sitting van 3 Desember vanweë dreigemente teen hom en sy gesin landuit gevlug. Ook Vernon Ezra, Julius First (broer van Slovo se eerste vrou Ruth) Kasriels, Slovo, Oliver Tambo en Strachan het landuit gevlug voordat hulle aangekla kon word.

Die aangeklaagdes het tereggestaan op aanklagte van sabotasie, wat ingesluit het dade van sabotasie, die pleeg van onwettige dade, werwing van persone vir opleiding in

*oorlogvoering, vervaardiging en gebruik van plofstowwe met die doel om geweld te pleeg en verwoesting aan te rig (altesame 153 dade van geweld is gelys) en van sameswering om dade van guerrilla-oorlogvoering met behulp van vreemde invalsmagte te pleeg. Hulle beplanning het die vervaardiging van 48 000 landmyne, 210 000 handgranate en 'n groot hoeveelheid pyp-, petrol- en bottelbomme ingesluit. Te oordeel na JPJ Coetzer (van 1974 tot 1979 Sekretaris van Justisie en van 1979 tot 1984 Direkteur-generaal van Justisie) sou die beskuldigdes verder 1 500 lonte vir tydbomme, 144 ton ammoniumnitraat, 26,6 ton aluminiumpoeier en 15 ton swart poeier benodig om hulle kommunistiese rewolusie van stapel te stuur (Coetzer, p 127 asook HD Stadler: *The Other Side of the Story*). Volgens Coetzer sou vermeldde verwoestingsmiddele genoeg wees om 'n groot stad soos Johannesburg op te blaas. In die aanwending daarvan sou hulle op koelbloedige wyse niemand ontsien nie en dit binne die onskuldigste verpakings, soos byvoorbeeld kissies landbouprodukte en koffie- en konfytblikke, en op die onskuldigste plekke soos byvoorbeeld voetpaadjies en ingange tot tuine, plaas met die doel om soveel moontlik dood, verminking en verwoesting te saai.”*

Die huidige orgie van swart-op-wit geweld in Suid-Afrika behoort eintlik vir niemand 'n ontugtering te wees nie. Is dit nie maar die logiese nalatenskap van dit wat Mandela en sy handlangers 'n halwe eeu gelede beplan het nie? Mense moet dus nie verbaas wees dat daar baie Afrikaners is wat nie met soveel oorgawe en passie kan deelneem aan die uitstoring van lofbetuiginge rondom Mandela se siekte en sy verjaardag nie.

Op 6 September 1966 word Dr Verwoerd egter in die Volksraad deur 'n sluipmoordenaar van die politieke toneel verwyder. Dit is gevolg deur die era van Vorster, Botha en De Klerk, waarin daar 'n kapitulاسie van blanke gesag plaasgevind en die Afrikaner se reg op staatkundige selfbeskikking en selfregering prysgegee is. As gevolg van die geleidelike aftakeling van wet en orde in Suid-Afrika het swart-op-wit geweld reeds in die tagtigerjare begin kop uitsteek, in die negentigerjare skerp toegeneem en vandag, 19 jaar na die 1994-oorgawe word daar, konserwatief bereken, jaarliks gemiddeld **52** boere in Suid-Afrika vermoor, dit wil sê een elke week. Dit is die ekwivalent van **150 per 100 000**, by verre die hoogste in die wêreld. Wêreldwyd is hierdie syfer ± 7 en die gemiddeld vir die hele Suid-Afrika word gestel op 40. Dit is buiten die ander moorde en gewelddadige aanvalle deur swartes op wittes in Suid-Afrika. Suid-Afrika word vandag allerweë as die gewelddadigste land ter wêreld beskou.

ONWEGWENSBARE WERKLIKHEID VAN DIE GESKIEDENIS

Dit wat hierbo geskryf is, kan soos volg saamgevat word: Die hooftema van die grootste deel van die twee-en-'n-kwart-eeu lange kontak tussen swart en wit in Suid-Afrika is een van swart-op-wit geweld. Swartes in Suid-Afrika het nog altyd gekies om die vermeende bedreiging van hulle belange deur blankes deur die gebruik van uiterste geweld aan te spreek, alhoewel dit heeltemal onnodig was. Dit is die onaangename maar harde, onontkombare en onwegwensbare werklikheid van ons geskiedenis. Dit is die feite wat verreken moet word by enige oorweging van die moontlikheid van 'n grootskaalse swart-op-wit aanval in Suid-Afrika iewers in die toekoms. Om te kies om hierdie feite te ignoreer, is dieselfde as om te kies om Einstein se swaartekragwet te ignoreer en van 'n tien-verdieping-gebou af te spring. Die gevolge daarvan kan ook ewe rampspoedig wees. (Billikheidshalwe moet dit genoem word dat daar enkele swart stamme was wat die Voortrekkers goedgesind was toe hulle die binneland ingetrek het. Netso is daar vandag waarskynlik ook swartes in Suid-Afrika wat nie uit eie wil gewelddadig teenoor blankes sal optree nie. Verder is dit ook nie net swartes wat geweld teen wittes gepleeg het nie. Die Britse geweld teen Afrikaners tydens veral die Tweede Vryheidsoorlog is volgens een kenner van boeke waarskynlik die enkele mees beskrewende onderwerp in die geskiedenis

van die wêreld. Ons volstaan met die verwysings verder in hierdie artikel na die Britte se aanstigting van swart geweld teen Afrikaners.)

DIE SPOOR VAN GEWELD TOT IN DIE 21STE EEU

Die volgende logiese vraag wat sal opkom, is: Gegewe die geskiedenis van swart-op-wit geweld in Suid-Afrika, en sekere ander faktore wat swart/wit verhoudinge beïnvloed, wat is die moontlikheid dat die huidige staat van eskalerende geweld teen wittes in Suid-Afrika kan kulmineer in 'n aanslag wat gerig is op die totale uitwissing van wittes soos wat wel in ons geskiedenis beoog was? Ons sal soos volg daarop probeer antwoord: Die eskalerende geweld teen wittes in Suid-Afrika is algemene kennis en niemand sal dit betwis nie. Die sangeres Sunette Bridges het byvoorbeeld onlangs die volgende syfers verstrek: In die tydperk 1 Mei tot 27 Junie 2013 was daar **124** aanvalle op **202** slagoffers! **38** van ons mense is vermoor, **9** is verkrag en daar was **35** plaasaanvalle in 58 dae! In dieselfde tydperk – 1 Mei 2012 tot 27 Junie 2012 was daar **48** aanvalle op **74** slagoffers! **31** van ons mense is vermoor, **3** is verkrag en daar was **14** plaasaanvalle in 58 dae! Wat waarskynlik nog nie tot baie blankes deurgedring het nie, is die brutaliteit, wreedaardigheid en sadisme waarmee dit gepleeg word. Dit dui onteenseglik op intense rassehaat. Dit spruit natuurlik voort uit die eeuelange antagonisme by swartes teen wittes, maar word verder aangevuur deur opruiende uitsprake deur swart leiersfigure waarvan “Kill a farmer, kill a boer” en “One settler, one bullet” en die onlangse “Kill the Boers” deur Julius Malema die bekendste voorbeelde is. Talle soortgelyke uitsprake verskyn op 'n gereelde basis op *Facebook* en ander sosiale media. Die merkwaardige van die situasie is dat die geweld teen wittes sowel as die opruiende uitsprake, wat beslis as haatspraak in die moderne politieke idioom kwalifiseer, nog nooit deur die ANC-leierskap veroordeel is nie. Nie Nelson Mandela, Thabo Mbeki of Jacob Zuma het dit al ooit gerepudieer nie. Tydens die 100-jarige herdenkingsfees van die ANC in Bloemfontein in Desember 2012 het Jacob Zuma self “Kill the Boers” in teenwoordigheid van al die afgevaardigdes gesing. Die woorde “Bring my masjiengeweer. Die kabinet gaan die Boere skiet,” is ook tydens sy sangvertoning gebruik. Daarvoor het hy oorweldigende toejuiging gekry. Dit kan nie anders as om die indruk by die swart massas in Suid-Afrika te laat dat die leierskap van die ANC ten gunste van die geweld teen wittes is nie en dat die jag op wittes dus oop is.

As 'n mens hierby faktore voeg soos die grootskaalse ellende en armoede waarin swartes sedert 1994 onder ANC-wanbestuur beland het, die wyd-verspreide ineenstorting van basiese munisipale dienste (gedurende April en Mei hierdie jaar was daar in Gauteng alleen 650 protesoptogte, waarvan 40 gewelddadig was), die afbreking van vertroue van gewone swartes in die ANC- en Cosatu-leierskap (83% van mense het tydens 'n onlangse opname gesê dat hulle dink dat die Polisie se optrede deur korrupsie beïnvloed word terwyl berigte oor ontevrede gemeenskappe wat sê dat hulle nie aan die 2014-verkiezing gaan deelneem nie, al meer word; selfs Tutu sê dat hy nie weer vir die ANC gaan stem nie!) en die opvatting dat die groot inkomstegaping tussen swartes en wittes die gevolg is van uitbuiting van swartes deur wittes (daar word al meer en meer gesê dat wittes swartes se grond gesteel of met geweld van hulle afgeneem het en dat hulle die grond dus sonder vergoeding en met geweld moet terugneem), begin 'n gewelddadige swart aanval op blankes al meer na 'n moontlikheid lyk.

Dit alles kom op die rug van twee-eeue lange aanstigting van haat teen Afrikaners uit Britse politieke, kerklike en finansiële kringe, gedra deur hulle handlanger-media in Suid-Afrika, waarin swartes wysgemaak is dat die Afrikaners hulle vyande is. In 1886 skryf die Britse historikus, J A Froude, in *Oceana*: “Die Boere was stelselmatig so beswadder en wanvoorgestel dat die Engelse hulle skaars as menslike wesens beskou het aan wie enige sedelike verpligting verskuldig was..... Ons het ons verowering (dié van 1877) teenoor

onsself geregverdig deur die verowerdes hulle karakter te ontnem, en ons het onself teen hulle opgestel as die kampvegters van die gekleurde rasse, asof hulle (die Boere) verdrukkings en rowers was.” In sy boek, *That we may tread safely*, skryf Arthur Barlow: “Ek kry die indruk van dieselfde leuens, dieselfde aanvalle op die Afrikaner en sy regering, dieselfde skurkstreke wat die jare vóór die Engelse Oorlog in ons land gekenmerk het.”

Na 'n besoek aan Brittanje in 1961 het wyle Minister Paul Sauer soos volg opgemerk: “Ek is getref deur die stroom van gif wat sy oorsprong in Brittanje het. 'n Mens is gedurig bewus daarvan. Byna alle lande het Engelse koerante en almal saai gif teen Suid-Afrika. Dieselfde geld vir die BBC. Wat vandag uit Brittanje kom, is niks minder as 'n haatgesang nie.”

In die uitgawe van 23 – 29 Maart 1994 van die *International Express*, 'n Britse tydskrif skryf die Engelsman Peter Tory: “The Boers are largely stupid. They are gross, foul-mouthed and bloated with beer and arrogance. They are probably the most unattractive breed on God’s earth. And they are on their own.”

“OP DIE RAND VAN IETS BAIE GEVAARLIKS”

Alles wat hierbo geskryf is in ag genome, is dit glad nie vergesog om te sê dat die toneel reg is vir 'n klassieke volksmoord soos wat in 1994 in Rwanda en later in Bosnië plaasgevind het nie. Die gerespekteerde internasionale menseregte-organisasie, *Genocide Watch* wat volksmoord-gevalle dwarsoor die wêreld bestudeer het, onderskei agt fases in die volksmoordproses. Hulle siening is dat Suid-Afrika nou in fase ses verkeer. Fase sewe is die finale aanslag en fase agt is ontkenning.

Enige persoon wat aanvaar dat Suid-Afrika dalk op die drumpel van volksmoord staan, sal logieserwys vra of die dood van Nelson Mandela tot so 'n gebeurtenis kan lei. Soos reeds vroeër in hierdie artikel gesê, lyk dit nie of die onmiddellike omstandighede rondom sy siektetoestand tot so iets sal lei, sou hy sterf nie. In die lig van die historiese agtergrond, die huidige staat van groeiende rassepolarisasie sowel as die onstabiele toestand in Suid-Afrika soos hierbo geskets, kan die moontlikheid egter nie uitgeskakel word nie. Daar verskyn van tyd tot tyd uitsprake deur politieke kenners en ander persone van invloed dat die situasie in Suid-Afrika tans uiters plofbaar is en dat slegs 'n enkele vonk nodig is om dit te laat ontplof en Suid-Afrika in 'n staat van totale chaos, anargie en vernietiging te dompel. Sy dood kan so 'n vonk wees, want op hierdie stadium is dit heeltemal onmoontlik om te sê wat die invloed daarvan op die swartes sal wees. Die bekende scenario-beplanner, Clem Sunter het 'n paar maande gelede tydens 'n onderhoud op Radio Jakaranda gesê dat Suid-Afrika net een gebeurlikheid weg is van 'n Arabiese lente. Graca Machel het onlangs gesê: “South Africa is an angry nation. We are on the precipice of something very dangerous with the potential of not being able to stop the fall.” Thabo Mbeki verwys na Suid-Afrika se “progress towards a costly disaster of a protracted an endemic general crisis”. Zwelinzima Vavi praat van 'n tikkende tydbom en Gwede Mantashe waarsku teen anargie weens stygende geweld en onrus tydens stakings. Die gerespekteerde Instituut vir Sekerheidstudies in Suid-Afrika het reeds in 2009, met verwysing na die dienslewingsbetogings geskryf, “..... it would be fair to conclude that if this situation is allowed to continue over a prolonged period it has the potential to spread and develop into a fully fledged revolt.” 'n Mens sal sekerlik nie een van hierdie persone kan bestempel as regse ekstremiste wat slegs sensasie soek nie en hoegenaamd nie as godsdienstige fanatici nie. Daar verskyn ook van tyd tot tyd berigte op die internet van mense wat W0-soldate en -toerusting in die land opmerk en 'n foto van 'n pantserwa met groot letters *UN* daarop is ook gesien. Dit is beslis nie sonder betekenis nie. Die WO

word gewoonlik ingebring om orde te herstel in gevalle van burgeroorlog of grootskaalse anargie in 'n land.

Die vraag na die moontlikheid dat die dood van Mandela tot 'n volksmoordgebeurtenis kan lei, moet ook binne die konteks van die sogenaamde Nasionale Demokratiese Revolusie van die ANC benader word. Alhoewel hierdie begrip eers baie onlangs in die openbare domain bekend geraak het, is dit reeds ANC-beleid sedert die twintigerjare van die vorige eeu, toe die ANC deur die kommuniste geïnfiltreer en oorgeneem is. In die onlangse tyd het dit egter in ANC-beleidstukke en deur uitsprake van ANC-leiers vir ons duideliker begin word wat dit in die praktyk beteken. Daar word naamlik gesê dat die revolusie nog glad nie voltrek is nie. Die politieke oorwinning van 1994 is vir hulle slegs die eerste fase daarvan. Die volgende fase, naamlik die sogenaamde sosio-ekonomiese revolusie moet nog plaasvind. Kragtens die klassieke Marxistiese revolusie-konsep kan dit net een ding beteken: Die materiële rykdom van die wittes (die kapitaliste) moet oorgaan in die hande van die swartes (die proletariaat of werkersklas). En as die wittes nie vrywillig afstand daarvan gaan doen nie, sal dit met geweld van hulle afgeneem moet word. Teen die historiese agtergrond soos hierbo geskets, sal dit met doodslag gepaard gaan.

Die vraag wat natuurlik nou opkom is: Wanneer gaan hierdie tweede fase van die revolusie voltrek word? 'n Definitiewe antwoord daarop is onmoontlik. Daar is egter 'n redelik wyd verspreide siening onder Afrikaners, onder andere gevoed deur inligting wat uit intelligensiekringe uitgelek het, dat swartes al lankal daarvoor gereed is en ook al meer ongeduldig word om dit deur te voer, maar dit nie gaan doen solank Mandela nog lewe nie. Daar bestaan blykbaar onder andere 'n opvatting onder hulle dat 'n volksmoordaanslag op wittes nie sy goedkeuring sal wegdra nie en dat hulle hulleself daarvan sal weerhou tot na sy dood. So gesien, kán sy dood die tweede fase van die revolusie inlei.

SIENER VAN RENSBURG – 'N MAN VAN WAARHEID EN INTEGRITEIT

Baie Afrikaners verwys ook na sekere visioene van die Boereprofeet Nicolaas Siener van Rensburg, wat sodanig vertolk word dat daar na die dood van 'n baie bekende swart leier, 'n nagtelike aanval op wittes in Johannesburg en Pretoria sal wees wat daarvandaan verder oor die land sal versprei. Hulle wys onder andere op die volgende visioen: “Ek sien 'n doodskis wat in 'n graf afsak, vure wat uitkom, maar een groot vuur wat voor uitkom Met die begrafnis van hierdie baie belangrike persoon sal daar nie net ongekende geweld in die land losbars nie, maar ook 'n volskaalse burgeroorlog uitbreek. Die Boervolk sal dan nakend, gestroop van alles wees.....” Hy het ook gepraat van baie donker tye wat oor die Afrikanervolk sal kom, so donker dat 'n mens nie sy hand voor sy oë sal kan sien nie. Hierdie skrywer is nie 'n gesaghebbende oor die visioene van Siener van Rensburg nie en sal dus nie in besonderhede daarop wil ingaan nie. 'n Studie van sy lewe het egter tot die oortuiging gelei dat hy 'n man van waarheid en integriteit was wie se visioene deur die God van die Bybel geïnspireer was. Vir enige gelowige Afrikaner is daar geen rede om minder ag te slaan op sy visioene as op die profesieë van die profete van die Ou Testament nie. Die gebeurtenisse wat hy in sy visioene gesien het en wat tot op hede plaasgevind het, het in die fynste besonderhede met sy visioene ooreengestem. Dit sal net 'n uiterste dwaas wees wat weier om ag te slaan op sy visioene vir ons tyd. Elke leser van hierdie nuusbrieff word ten sterkste aangeraai om hulleself deeglik op hoogte te bring van die lewe en visioene van Siener van Rensburg. Dit kan dalk die verskil tussen lewe en dood maak.

DIE MARITZ-KEUSE

Enige regdenkende persoon wat daarmee saamstem dat ons 'n volksmoordgebeurtenis te wagte kan wees, sal natuurlikerwys begin dink oor die tref van voorbereidings daarteen. Om daarvoor in besonderhede in te gaan, val egter buite die bestek van hierdie artikel, behalwe om te sê dat elke individuele Afrikaner persoonlik verantwoordelikheid vir die beskerming van sy eie lewe en die van sy dierbares moet neem. Niemand anders gaan dit doen nie. Daarvoor kan ons egter baie uit ons geskiedenis leer en twee hooftemas word hieronder uitgelig. Die gebeure na die moord op Piet Retief en sy geselskap word as voorbeeld geneem. In die Junie-uitgawe van die *ANB Nuusbrief* word 'n beknopte opsomming van die gebeure voor en tydens die eerste Zoeloe-aanval in Februarie 1838 gegee.

Nadat Retief na Dingaan vertrek het, het die Trekkers van Doringkop begin wegtrek, ten spyte van Retief se vermaning om bymekaar te bly. Die Botmas (die broer van die gehangde Botma van Slagtersnek), Liebenbergs, De Beers wie se ou vader saam met Retief na Dingaan is, ryk Josef van Dyk met sy 7000 stuks vee en wakies vol goue munte, die Rossouws en Heila Robberts met haar mooi dogters, was onder hulle. So ver as wat hulle wegtrek het, het hulle name aan die riviere begin gee soos die Bloukrans- en Boesmansrivier. Sommige van hulle was al tot vier ure te perd van Doringkop af. Vanaf die 11de Februarie het Gerrit Maritz na die verspreide waens gery en gemaan en gewaarsku dat die mense moet terugtrek of in laers saamtrek, maar min van die voorste mense het op sy pleidooi ag geslaan. Hulle het gevra waarom hy dan so bang en kleingelowig is. Die lewe in die laers het normaal voortgegaan. Die mans het gejag, velle gelooi, rieme gebrei en die vrouens het beskuit en brood in uitgeholde miershope gebak. Maritz het al hoe meer onrustig geraak namate die rookseine op die berg vermeerder het. Dit is herken as bymekaarmaak rookseine maar almal het geglo dat dit was om al die Zoeloes te laat weet dat die grond aan die Voortrekkers gegee is. Ongeveer drie-uur die oggend van Vrydag die 16 Februarie is die Voortrekkers verras deur Dingaan se Zoeloe-impie. Die Voortrekkers wat hoër op gelaer was, het wakker geword van die snaphaanskote laer af teen die rivier en baie van hulle het geglo dat dit Retief was wat teruggekeer het. Namate die geweervuur aangehou het en te vinnig op mekaar en op te veel plekke tegelyk geskiet is, het hulle geweet dat daar fout gekom het. Die Zoeloes het die blankes verras en daar het in daardie oggend meer as 200 blanke mans, vrouens kinders en grysaards gesterf op die wreedste wyse. Vrydag die 16de het hom stuk-stuk geopenbaar soos die son opkom. Oor die veld het 'n wit donsigheid gelê. Dis van die bulsakke en kussings wat deur assegaailemme oopgeskeur was. Kaste, tafels en stoele was alles verpletter. Mans wat nog met die geweerkolwe geslaan het, is doodgekry met die lope nog in hulle vuiste vasgeklem. Moeders wat hulle suigeling probeer beskerm het, is deurboor met assegaai sodat die liggame aan mekaar gestee was. Grysaards se wit baarde en hare was rooi gekoek van die bloed. Jong kinders se koppe is teen wawiele te pletter geslaan, bloed het tot op die skamels van waens gedrup so deurtrek was die buikplanke van die bloed. So ver as wat die hulpgeselskappe gegaan het, het hulle grutonele gesien soos ook by die trek van die Botmas. Die Botmas se kruit en lopers het opgeraak. Daarna het hulle hul met geweerkolwe, byle en ligte hout probeer verdedig, maar die Zoeloes het van die beste tussen die Trekkers ingejaag en hulle geleedere opgebreek. Ten spyte van hul heldhaftige pogings was oud en jonk uitgemoor.

In Augustus 1838 het die Zoeloes 'n tweede aanval geloods. Dit word onder andere beskryf in die boek *Bloed, Sweet en Trane: Die Verhaal van die Voortrekkers* deur Dr. E.J.G. Norval. Onder die leiding van Gerrit Maritz was die Voortrekkers hierdie keer egter voorbereid. Die hoofaanval deur ±10 000 Zoeloes was gerig op die laer van Gerrit Maritz,

waarin daar ongeveer 150 goed gewapende mans was. Die aanval is afgeslaan en volgens historiese bronne wat Norval geraadpleeg het, is slegs een persoon dood – en hy was buite die laer! 'n Histories-merkwaardige, maar tot dusver onbekende gebeurtenis, het egter direk voor die aanval plaasgevind. Die prediker en swaer van Gerrit Maritz, Erasmus Smit het in 'n gebed die hulp en beskerming van God oor hulle aangeroep.

EERDER VROEËR AS LATER

Ons volk se verbondenheid aan God en sy bereidheid om self verantwoordelikheid vir sy eie lotgevalle te neem, was die twee groot faktore wat ons deur groot voortbestaanskrisisse gedra het en dit sal ons ook deur die een dra wat nou voor ons lê. 'n Volk se verbondenheid aan God kan egter net tot stand kom as sy individuele lede deur sy seun Jesus Christus in die regte verhouding met Hom is. Dit was die bloed van die paaslam aan hulle deurposte wat die veiligheid van die Israeliete in Egipte gewaarborg het. Netso is God vandag nog in staat om ons veiligheid te waarborg as ons die bloed van sy Seun oor ons pleit.

'n Volk kan ook net verantwoordelikheid vir sy lotgevalle neem as sy individuele lede dit doen. Afrikaners was nog nooit oorlogstokers nie; hulle was nog altyd vredesoekers. Laat ons egter maar deeglik kennis neem van die Engelse spreekwoord wat lui: “If you want peace, prepare for war.” Die voorbereidheid vir oorlog het die verskil gemaak tussen die gevolge van die eerste en tweede Zoeloe-aanvalle in 1838. Doen dus wat u weet wat u moet doen – en doen dit gou. Die prys van te laat is baie hoër as die prys van te vroeg.

'N LANGTERMYN TOEKOMSVISIE

In Afrikanergeledere draai die denke en emosies oor die dreigende dood van Mandela tans hoofsaaklik om persoonlike veiligheid. Dit is ook waaroor hierdie artikel tot dusver gehandel het, want dit is 'n belangrike saak. In die proses het een faset van die saak egter glad nie in die gesigsveld gekom nie. As Nelson Mandela die oud-president van enige ander staat in Afrika was, sou ons net terloops van sy ernstige siektetoestand kennis geneem het en geen aandag daaraan gegee het nie. As hy voor 1994 gesterf het, sou dit ook 'n fraksie van die aandag gekry het wat dit nou kry. Die rede vir die veiligheidsrisiko wat sy dreigende dood vir ons inhou, is geleë in die feit dat ons as 'n verslane, verknechte en vernederde volk tans die onderdane van 'n swart regering is. Wat dit erger maak, is dat ons nie met wapengeweld deur hulle onderwerp is nie, maar dat ons, wat eens 'n trotse en vrye volk was ons vryheid vir die spreekwoordelike pot lensiesop verruil en hulle uitgenooi het om oor ons te regeer. Dit is 'n tragedie wat ten minste gelykstaande is aan enige tragedie wat uit die dood van Mandela kan voortvloei. Die rede is voor die handliggend. Ons het al die instrumente wat enige volk het om sy onderdane se lewens te beskerm, verloor. Nie alleen staan die ANC-regering koud teenoor ons veiligheid nie; hulle bevorder die bedreiging daarvan. Wat ookal na Mandela se dood gebeur of nie gebeur nie, sal kom en gaan, en as dit verby is, dan bly ons 'n verknechte volk en wag ons maar net magteloos en in vrees en bewing op die volgende aanslag op ons lewens. Dit is afgesien van die gewone daaglikse teistering en vernedering wat ons moet ondergaan, om nie eers te praat van die totale gebrek aan enige vooruitsig op 'n toekoms vir ons kinders nie. Dit is te betwyfel of die geskiedenis van volkere 'n geval aanteken van 'n volk wat in 'n meer ellendige posisie verkeer het as dié waarin ons volk tans verkeer. Dié toedrag van sake verg beslis baie meer tyd en energie van ons as die huidige toestand rondom Mandela, want dit raak nie net ons veiligheid nie, maar ook die toekoms van ons nageslag.

'N VRYE VOLK IN ONS EIE LAND ONDER ONS EIE REGERING

Daar is maar net een antwoord op ons huidige voortbestaanskrisis: Ons moet weer 'n vrye volk in ons eie land onder ons eie regering word. Vryheid was telkens die antwoord van ons voorouers op hulle voortbestaanskrisisse en daardeur het hulle vir ons, hulle nageslag, 'n lewensruimte geskep. Vryheid vir ons volk is regverdigbaar, want die beginsel van vrye volke is ingebou in die Goddelike ordening van volke, dit word erken deur die volkereg en is selfs ingeskryf in die huidige Suid-Afrikaanse grondwet, hoe verwerplik hy ook al in beginsel vir ons mag wees. En as daar by ons die wil is om weer 'n vrye volk te word, en ons is gewillig om die offers te bring wat dit vra, sal ons 'n manier vind om dit te verwerklik. In hierdie verband is daar 'n faset van die swart-op-wit geweldsfaktor in Suid-Afrika wat nog deur min historici uitgewys is. In al die gevalle waar dit tot 'n klimaks gedryf is, het dit gelei tot die eliminerings van swart-op-wit geweld, die bewerkstelling van veiligheid en van vreedsame naasbestaan tussen swart en wit en tot die verkryging van Afrikanervryheid. Die Xhosa-aanvalle op koloniste in die Oos-Kaap was een van die belangrikste oorsake van die Groot Trek. Na die slag van Vegkop en latere gevegte tussen die Voortrekkers en die Matabeles het Silkaats en sy hele Matebelestam uitgewyk na 'n gebied Noord van die Limpopo, die huidige Zimbabwe. Dit het die weg gebaan vir twee vrye Boere-republieke in die Vrystaat en Transvaal. By Bloedrivier is die Zoeloe militêre mag so 'n slag toegedien dat Dingaan moes vlug en later ook vermoor is en die stigting van die vrye Voortrekker-republiek van Natalia is daardeur moontlik gemaak. Die geskiedenis het 'n manier om homself te herhaal en 'n swart volksmoordaanslag teen Afrikaners in ons tyd kan soortgelyke gevolge hê as wat hierbo genoem is. Die Voortrekkers kon egter net die bedreiging van hulle voortbestaan in geleenthede omskep omdat hulle bereid was om die geloofsmoed te openbaar en die persoonlike offers te bring wat dit geveg het. Dit sal ook die enigste manier wees waarop ons die bedreiging teen ons in 'n geleentheid kan omskep.

Die vryheidsdrang in 'n mens is 'n onkeerbare krag want dit is deur God self in ons ingeplant. Daarom kon die Engelse denker en Bybelvertaler, George Byron sê: “Die vryheidstryd, as dit eenmaal begin, word van die vader bloeiend deur die seun geërf, en die stryd sal altyd gewen word, hoe moeilik ook al.” Derhalwe is ons oproep aan u: Laat die vuur van die vryheidsdrang wat diep in u hart brand, hoër opvlam. Steek dit aan in die harte van u volksgenote en dra saam met hulle die vryheidsfakkeltjie die toekoms in. Vestig in u geestesoog 'n heldere visie van 'n vrye Afrikanervolk in sy eie land waarin u en u kinders veilig en in vrede kan woon. Moenie toelaat dat die huidige en dreigende politieke storms in ons land u oë van die eindbestemming afneem nie. Hou dit op die Rots daarbo wat self die vryheidsdrang in u hart geplant het.



DIEPERE STUDIE

Die bekende Winston Churchill het by geleentheid gesê: “Hoe dieper 'n mens in die geskiedenis inkyk, hoe verder kan jy in die toekoms insien.” Die historiese feite wat hierbo weergegee is, is baie beknopt en oppervlakkig. Om die ware betekenis van ons geskiedenis vir 21ste eeuse Afrikaners te verstaan, verg baie meer studie. Daar het baie boeke, brosjures, DVD's/CD's en ander materiaal verskyn oor die onderwerpe wat in hierdie artikel hanteer is. Hieronder volg besonderhede van verspreiders daarvan.

DIE ERA VAN DIE GROOT TREK

Daar is veral drie verspreiders wat baie goeie materiaal oor hierdie onderwerp aanbied. Hulle is:

Bienedell Uitgewers

Bienedell Uitgewers versprei 'n groot verskeidenheid boeke oor die geskiedenis en oor kontemporêre onderwerpe. Die boek *Bloed, Sweet en Trane* is by hulle te koop. Hulle katalogus en kontakbesonderhede verskyn op Suidland Media se webtuiste by www.suidland.net

Hutten Buchdienst

Boeke oor ons geskiedenis wat nie by Biededell Uitgewers beskikbaar is nie, kan by Hutten Buchdienst gekoop word. Hulle kan gekontak word by hutten.buchdienst@gmail.com of **012 – 807 0434**. Hutten Buchdienst het veral baie moeite gedoen om goeie boeke oor die Voortrekkertyd as hulle bydrae tot die Groot Trek 175 vir die publiek beskikbaar te maak

Suidland Media

Suidland Media versprei hoofsaaklik DVD's en CD's oor ons geskiedenis en het 'n verskeidenheid van 90 titels wat ons hele geskiedenis dek. Die materiaal is baie geskik vir geskiedenis-oordrag aan kinders en jongmense. Die DVD met die titel *Die Voortrekkers* wat onder andere die moord op die Retief-geselskap en die aanvalle op die Voortrekkerlaers waarna hierbo verwys is, dek, kan aanbeveel word. Vir kontakbesonderhede besoek die reeds-genoemde webtuiste by www.suidland.net

TWINTIGSTE-EEUSE EN HEDENDAAGSE GEBEURE

Al die genoemde uitgewers het ook materiaal oor hierdie periode. Die boek *Die Mandela Legende*, waarna hierbo verwys is, is ongelukkig uit druk uit. Baie van die feitemateriaal oor Mandela verskyn egter ook in dieselfde skrywer se boek *Die Vryheidstryd van die Afrikaner – Vanaf Volksplanting tot Volksversaking*. Die boek kan by die skrywer Dr Pieter Möller, bestel word. Hy kan gekontak word by pieterwillemmoller@gmail.com of **012 – 807 0680**.

Oor plaasmoorde het daar 'n baie goeie DVD met die titel *The War of the Flea* verskyn, wat by **Suidland Media** beskikbaar is.

SIENER VAN RENSBURG

Oor die lewe en visioene van Siener van Rensburg het verskillende skrywers boeke geskryf. Hieronder volg besonderhede:

- **F H Pretorius**
 - *Siener van Rensburg – profeet of waarsêer – Wat is die Waarheid?* (verkrygbaar by die skrywer, fhpretorius@gmail.com of **012 – 993 0659**)
- **Prof Andries Raath**

- *Niklaas van Rensburg : Die Siener* (Lapa Uitgewers, lapa@lapa.co.za of 021 – 914 0936
- *Die Vierkleur wapper weer : Die Visioene van Siener van Rensburg* [geskryf saam met mev Nellie van Zyl] (Biedell Uitgewers)

- **Adriaan Snyman**

- *Siener van Rensburg : BoodsAPPER van God* (verkrygbaar by Vaandel Uitgewers, info@vaandel.co.za of 028 – 551 2516). Snyman is die skrywer van verskeie ander boeke en brosjures oor Die Siener en is ook die redakteur van *Die Vaandelraer* waarin gereeld aktuele bydraes oor Die Siener voorkom.

DIE TOEKOMS

Daar is hierbo verwys na die noodsaaklikheid dat ons weer 'n vrye volk in ons eie land onder ons eie regering moet word. Die onderwerp van die herstel van ons vryheid word aangespreek in 'n boek met die titel *Die positiewe Alternatief: 'n Antwoord op die Afrikaner se voortbestaansuitdaging van die 21ste eeu*. Dit is by *Suidland Media* beskikbaar.

Die historiese materiaal hierbo genoem is teen enorme koste, groot persoonlike offers en sonder enige oorwegings van persoonlike finansiële gewin ontwikkel en vir verspreiding gereed gemaak. Moenie dat dit tevergeefs gebeur het nie. Verkry dit en bemagtig uself vir die uitdagings wat nou voor ons lê. “'n Wyse man is sterk en 'n man van kennis ontwikkel krag,” het Salomo gesê (Spreuke 24:5).

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

Die Historiese Kompas word uitgegee deur *Suidland Media*. Dit sal op 'n periodieke grondslag verskyn en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Kontakbesonderhede is soos volg: toekoms@suidland.net, 022 – 913 2391, 082 – 493 3785, Posbus 339 Piketberg 7320.

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX